‘N HANDLEIDING TOT JAG IN KWAZULU-NATAL

INLEIDING

Hierdie handleiding met betrekking tot die jagreëls van KwaZulu-Natal is opgestel vir voornemende jagters wat jaglisensies wil koop met die komplimente van die KwaZulu-Natuurbewaringsdiens.

Met die hoop dat jagters suksesvolle jagte sal hê vertrou die Raad dat hulle die Natuurbewaringswette en regulasies sal nakom in KwaZulu-Natal.

Dit word verder van diegene verwag wat van ons natuurlike omgewing gebruik maak, om die lewe van almal in die platteland te respekteer en ook die gedragskode te eerbiedig. Laasgenoemde vereis verskeie tegemoedkomendhede soos geen skade aan die boer se eiendom, geen rommelstrooing, en die belangrikste dat daar voortdurend gewaak sal word teen veldbrande.

JAGWETTE EN REGULASIES IN KWAZULU-NATAL

Die volgende inligting beteffende die wetgewing ten opsigte van sportjag in KwaZulu-Natal word deur die KwaZulu-Natal Natuurbewaringsdiens uitgegee om slegs as riglyne te dien vir jagters. Dit sluit nie alle toepaslike wetgewing in nie, maar die volledige Ordonannsie 15 van 1974 (soos gewysig) is wel beskikbaar.

INLEIDENDE NOTAS

Die tradisionele diere en voëls wat wettig in KwaZulu-Natal gejag mag word, word in vier groepe verdeel, naamlik:

Onbeskermde wild, Oop wild, Gewone wild en Beskermde wild.

Hierdie vier groepe word deur verskillende wetgewing en regulasies gedek wat opgesom is in die volgende bladsye. ‘n Verdere groep diere word as Spesiaal Beskermde Wild gelys en mag onder geen omstandighede vir sport gejag word nie. (Sien appendix vir spesies lys)

GEWONE EN BESKERMDE WILD

Ooreenkomstig die Natuurbewarings Ordonannsie van 1974 (Ord.15 van 1974) soos gewysig, mag ‘n grondeienaar of, onderhewig aan sekere voorwaardes, ‘n okkupeerder en sy vrou, kinders of enige*bona fide* genomineerde werknemer, Gewone Wild in die oop seisoen op sodanige grond jag, sonder ‘n permit of ‘n jaglisensie.

In die geval van alle ander wat of Gewone en Beskermde Wild wil jag, is dit vir die jagter nodig om of ‘n permit of ‘n lisensie te hê.

‘n *Permit* verleen aan ‘n grondeienaar toestemming om, onderhewig aan sekere voorwaardes, ‘n okkupeerder, om self op sy eie grond te mag jag, of om gelisensieërde jagters toe te laat om op sodanige grond te mag jag, slegs tot by die kwota wild wat die permit spesifiseer.

a) *Gewone Wild Permitte* verleen toestemming vir die jag van Gewone Wild buite die oop seisoen.
b) *Beskermde Wild Permitte* verleen toestemming vir die jag van Beskermde Wild enige tyd van die jaar.

‘n Jagter het ‘n lisensie nodig wanneer hy/sy nie op sy/haar grond jag nie, of dit Gewone of Beskermde wild is. ‘n Lisensiehouer moet altyd voorafgaande toestemming van die betrokke grondeienaar bekom, wat ‘n permit soos hierbo beskryf moet hê vir die soort wild wat gejag gaan word, of moet inbesit wees van ‘n geldige Kommersiële Wildtuin Lisensie.

Aansoeke vir permitte moet mondelings of in skrif aan die plaaslike Distriks Bewarings Beampte van die KZN Natuurbewaringsdiens wat regoor die Provinsie gestasioneer is gemaak word, of aan die Hoof Uitvoerende Beampte, KZN Natuurbewaringsdiens, Posbus 13053, Cascades, 3202.

Die aansoeker moet woon- en posadres, die naam van die plaas en Magistraat distrik, asook die spesies, getalle en geslag (waar toepaslik) wat gejag gaan word verstrek.

Lisensies is verkrygbaar by Ontvanger van Inkomste kantore, sekere sport en geweer winkels, en by sekere van die KZN Natuurbewaringsdiens Distrik Bewaring Beamptes in afgeleë streke.

Aansoeke vir lisensies moet die bedrag van die lisensiefooi insluit, wat in opvolgende skedules getoon word. Wanneer ‘n lisensie uitgereik is, is daar geen terugbetaling van enige van die fooie wat betaal is, indien die lisensie nie gebruik is nie, of die kwota nie gejag is nie.

SKEDULE VAN GEWONE WILD

AFRIKAANS	**ENGELS**	**ZOELOE**
Gewone Duiker	Grey Duiker	Impunzi
Bosbokram	Bushbuck male	Inkonka
Rooibok	Impala	Impala
Tarentaal	Crowned Guineafowl	Impangela
Afrikaanse Kwartel	African Quail	
Swempie	Coqui Francolin	Iswempi
Bospatrys	Crested Francolin	Isekehle
Bergpatrys	Greywing Francolin	Intendele
Natalse Fisant	Natal Francolin	
Rooikeel Fisant	Red-necked Francolin	Inkwali
Rooivlerkpatrys	Red-wing Francolin	Intendele
Laeveldpatrys	Shelley’s Francolin	Intendele
Bosveldpatrys	Swainson’s Francolin	
Nonnetjie-eend	White-faced Whistling Duck	
Geelbekeend	Yellow-bill Duck	
Rooibekeendjie	Red-bill Teal	
Kolgans	Egyptian Goose	
Wildemakou	Spurwing Goose	Ihoye
Geelbekbosduif	Rameron Pigeon	iVukuthu

OOP SEISOEN 31 Mei tot 31 Augustus

SKEDULE VAN BESKERMDE WILD WAT GEJAG MAG WORD MET BETALING VAN VOORGESKREWE FOOIE

FOOI R	AFRIKAANS	ENGELS	ZOELOE
5,00	Bosbokooi	Bushbuck female	Imbabala
24,00	Rooiduiker	Red Bush Duiker	Umkumbi
18,00	Vaalribbok	Grey Rhebuck	Iliza
7,00	Rietbok	Reedbuck	Umziki
18,00	Koedoe	Kudu	Umgankla
18,00	Njala	Nyala	Inyala
18,00	Waterbok	Waterbuck	Iphiva
12,00	Steenbok	Steenbuck	Iqhina
12,00	Rooiribbok	Mountain Reedbuck	Inxala
7,00	Vlakvark	Warthog	Intibane
12,00	Sebra	Zebra	Idube
12,00	Blouwildebees	Blue Wildebeest	Inkonkoni
24,00	Blouduiker	Blue Duiker	Ipiti
24,00	Oorbietjie	Oribi	Iulu
24,00	Eland	Eland	Impofu
24,00	Livingstone Antelope (Suni)	Soenie	Inhlengane
60,00	Buffel	Buffalo	Inyathi
120,00	Seekoei	Hippopotamus	Imvubu
24,00	Rooihartebees	Red Hartebeest	Inkongowana
24,00	Gemsbok	Gemsbuck	
18,00	Swartwildebees	Black Wildebeest	Inkonkoni
12,00	Swartwitpens	Sable Antelope	
7,00	Samango-aap	Samango Monkey	iNsimango
7,00	Bosnagaap	Bush Baby	iSinkwe
3,00	Kuifkoptarentaal	Crested Guineafowl	Ikangele
2,00	Gevlekte Eendjie	Hottentot Teal	
2,00	Swarteend	Black Duck	
2,00	Fluiteend	Fulvous Whistling Duck	
2,00	Witrugeend	Whitebacked Duck	
2,00	Knobbeleend	Knob-bill Duck	
2,00	Kaapse Slopeend	Cape Shoveler	
2,00	Dwerggans	Pigmy Goose	
2,00	Makoueend	Maccoa Duck	
2,00	Bergeend	African Shelduck	
2,00	Bruineend	African Pochard	

PERMITTE

	Koste	Verkrygbaar Van	Geldig Tot	Benodig Deur
Gewone Wild Permit	Geen Koste	KZNNCS	1 Sept tot 30 Mei	Enige grondeienaar wat Gewone Wild self wil jag op sy eie grond, of ander toelaat (wat in besit moet wees van jag lisensies) om sulke wild op sy grond te jag BUITE die oop seisoen.
Beskermde Wild Permit	Geen Koste	KZNNCS	12 Maande	Enige grondeienaar wat Beskermde Wild self wil jag op sy eie grond, of ander toelaat (wat in besit moet wees van Beskermde Wild Lisensies) om sulke wild op sy grond te jag enige tyd van die jaar.

LISENSIES

	Koste	Verkrygbaar van	Geldig	Benodig deur
Gewone Wild Lisensie	R 8,00	KZNNCS Distrik Beamptes Ontvanger van Inkomste en sekere goedgekeurde handelaars	Slegs vir die oop seisoen: van 31 Mei tot 31 Augustus	Enigiemand wat Gewone Wild jag, nie op sy eie grond, gedurende die oop seisoen
Spesiale Wild Lisensie	R 12,00	Soos bo	Vir ‘n 30 dae periode buite die oop seisoen. Slegs geldig op grond, wat aan ‘n persoon behoort wat in besit is van ‘n Gewone Wild Permit, of op ‘n Kommersiële Wildsplaas	Enigiemand wat Gewone Wild jag, nie op sy eie grond nie, buite die oop seisoen.
Beskermde Wild Lisensie	Fooi hang af van getalle en spesies (sien bylaag)	Soos bo	Vir ‘n 30 dae tydperk enige tyd van die jaar. Slegs geldig op grond, wat aan ‘n persoon be-hoort wat ‘n Beskermde Wild permit het, of op ‘n Kommersiële Wildsplaas	Enigiemand wat Beskermde Wild jag, nie op sy eie grond, enige tyd van die jaar.

OOP WILD

'n Addisionele klas wild, naamlik Oop Wild sluit slegs die volgende twee spesies in:

Blesbok Springbok

Daar is 'n heeljaar oop seisoen vir Oop Wild, dit is blesbok en springbok wat dwarsdeur die jaar gejag mag word en geen kwota permit word deur die grondeienaar benodig nie. Geen jaglisensie is nodig vir enigeen wat hierdie twee spesies wil jag op grond wat nie aan hom behoort nie. Aangesien blesbok en springbok in die Ordonnansie as wild geskeduleer is, is die algemene regulasies betreffende die jag van wild (sien hieronder) van toepassing op hierdie diere. Dit is ook belangrik om die grondeienaar se toestemming te bekom, voordat daar op sy grond gejag word.

ONBESKERMDE WILDE DIERE

Daar is sekere spesies soogdiere en voëls wat nie op die bylae as wild of Beskermde Wilde Voëls geskeduleer is nie, maar wat wettig gejag mag word. Vir intersantshalwe vir die sportjagter sommige is die volgende:-

Voëls: Kransduif; gewone tortelduif; swartkraai; witborskraai; bleshoender
Soogdiere: Bosvark; dassie; hase; bobbejaan; blouaap; rooijakkals.

Geen lisensie of permit word benodig om Onbeskermde Wilde Diere te jag nie maar die algemene regulasies wat van toepassing is op die jag van wild (sien hieronder) is van toepassing op hierdie kategorie van spesies. Die grondeienaar se toestemming word vereis voordat daar op sy grond gejag mag word.

ALGEMENE REGULASIES BETREFFENDE DIE JAG VAN GEWONE, BESKERMDE EN OOP WILD

VUURWAPENS

Niemand mag vir die jag van enige wild gebruik maak van - 'n selflaaivuurwapen wat, nadat dit afgevuur is, outomaties herlaai en afgevuur word bloot deurdat die sneller daarvan getrek of in die afvuur posisie gehou word sonder verdere handeling deur die persoon wat dit gebruik nie.

'n *Haelgeweer* mag slegs in die jag van wildsvoëls en die volgende wildspesies gebruik word: bosbok, gewone rietbok, grys duiker, rooiduiker, blouduiker, soenie en steenbok. Gewere mag ook op hierdie diere gebruik word, maar in ooreenstemming met die regulasies betreffende vuurwpaens in die algemeen.

'n *Automatiese of selflaaihaelgeweer* word toegelaat om wild mee te jag, met dien verstande dat dit gemodifiseer is om die afvuur van hoogstens twee (2) skote toe te laat voordat dit met die hand herlaai word. 'n Outomatiese haelgeweer wat meer as twee skote afvuur voordat dit herlaai moet word, moet met 'n permanente of semi-permanente tap pen geinstalleer wees om die kapasiteit na een skoot te verminder

Gewere. Niemand, behalwe die grondeienaar of enige van sy *bona fide* werknemers, in ooreenstemming met 'n Raad's permit, mag 'n geweer van .22 of kleiner kaliber, wat randslag patrone gebruik, gebruik om wild mee te jag.

Geen geweer met 'n kaliber kleiner as .373 H & H magnum mag gebruik word vir die jag

van renoster, seekoei, olifant of buffel.

'n Vuurwapen wat in jag gebruik word hoef nie die persoonlike eiendom van die jagter te wees nie. Alle vuurwpaens, hetsy gebruik vir jag of nie, moet by Suid Afrikaanse Polisie Diens gelisensieër wees. Spesiale permitte is verkrygbaar vir tydelike invoer van vuurwapens in Suid-Afrika.

JAGTYE

Wild mag slegs gedurende die dag in die geproklameerde oop seisoen vir enige spesifieke distrik gejag word. Wild mag nie tussen 'n halfuur na sononder op enige dag en 'n halfuur voor sonop die volgende dag gejag word nie.

OPENBARE PAAIE

Niemand mag wild in 'n openbare pad of in die padreserwe van 'n openbare pad jag nie. Dit is ook onwettig om vanaf sodanige pad of reserwe na wild buite die padreserwe te skiet. Dit is onwettig om enige wild karkas van 'n openbare pad te verwyder, tensy dit 'n gevaar vir verkeer is, mag dit slegs uit die pad verwyder word.

JAG METODES

Anders as in ooreenstemming met 'n permit wat deur die Raad uitgereik is, is dit 'n oortreding om wild te jag met behulp van, vanuit of binne twee honderd meter van enige voertuig, of perd, of met behulp van enige kunslig, veldbrande, pyl en boog of pyl en kruisboog. Valle, nette, strikke, plofstof en gif mag ook nie gebruik word in die jag van wild nie.

AANJAERS

Niemand mag 'n ongelisensieerde persoon gebruik om wild te jag of te vang nie, met dien verstande dat iemand wat wild wettig jag of vang, behoudens enige regulasies in daardie verband ongelisensieerde persone mag gebruik *om hom te help*, maar sodanige ongelisensieerde persome nie 'n wapen mag gebruik of toegelaat word om dit te gebruik om wild te dood nie.

HONDE

Honde onder behoorlike beheer mag gebruik word vir die aanwys, opjaag en opspoor van daardie jag - en watervoëls wat as wild gelys word. Honde mag ook gebruik word in 'n wettige wilddryf indien dit onder beheer plaasvind. Sulke honde moet verhoed word om buite die jaggebied te werk en moet ten alle tye deur wettige jagters gevolg word.

Enige hond wat nie onder die onmiddellike beheer van 'n wettige eienaar is nie, en wat betrap word dat hy wild vernietig of jaag, kan onmiddellik deur die eienaar of okkupeerder van sodanige grond of deur 'n beampte vernietig word.

LISENSIES

Enigiemand van enige ras, ouderdom, of nasionalitiet kan aansoek doen om ‘n jaglisensie of permit. Dit is ook toelaatbaar dat ‘n persoon vir ‘n ander persoon ‘n lisensie bekom of aansoek doen, mits die voornemende jagter se naam en adres bekend is. Die lisensiehouer moet self die lisensie teken voordat die jag kan begin.

BETREDING

Die houer van ‘n jaglisensie word hierdeur nie gemagtig om op enige grond te gaan of word nie beskerm teen die wette van betreding nie. Dit is belangrik dat die groneienaar se toestemming bekom word voordat daar op sy grond gegaan word.

Verdere informasie oor sportjag in KwaZulu-Natal kan by die volgende verkry word:

a) Die Hoof Uitvoerende Beampte
EKZN Wildlife
Posbus 13053
CASCADES 3202
KwaZulu-Natal Telefoon: (033) 845 1999 Faks No. (033) 845 1462

a) KWAZULU- NATALSE JAG-EN BEWARINGSVERENIGING
Die Sekretaresse
45 Maurice Nicholls Road
Hatton Estates
PINETOWN 3610 Telefoon: (033) 709 3904 Fax No. (031) 709 3914

BYLAAG : SPESIAAL BESKERMDE WILD

Die volgende dierspesies is as Spesiaal Beskermde Wild verklaar en mag slegs onder spesiale omstandighede gejag word.

‘n Permit word benodig vir die jag van Spesiaal Beskermde Wild, met ‘n fooi wat aan die KwaZulu-Natal Natuurbewaringsdiens betaalbaar is. (Die spesies sonder ‘n fooi mag nie gejag word nie.)

SPESIE	**FOOI BETAALBAAR**
Grysbok	-
Klipspringer	-
Kameelperd	R 300,00
Swart Renoster	-
Jagluiperd	-
Baster Hartebees	-
Baster Gemsbok	-
Luiperd	R 350,00
Wildehond	-
Witrenoster	R 700,00
Olifant	R 600,00
Leeu	-

Hierdie inligting is saamgestel uit wetgewing soos met Mei 1992.